

7. Die profeet Elisa

2 Konings 2: 13 tot 2 Konings 14

God is genadig

Elia word opgevolg deur ElJes. Hy verkondig die oordeel én die genade van God. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- God bewaar sy kerk.
- Die profete se optrede in die Ou Testament wys heen na die koms van Jesus Christus.
- Daar is genade by God, vir sondears.

Elisa - die opvolger van Elia

Ná die hemelvaart van Elia volg Elisa hom as profeet op. Elia se mantel het op hom geval. Elisa voel hoe die Gees van God hom in staat stel om kragtig op te tree. By die Jordaan slaan hy met Elia se mantel op die water en vra: "Waar is die Here, die God van Elia?" Weer kloof die Here vir hom 'n pad deur die water van die Jordaan. Ook die profete van Jerigo het gesien wat gebeur en hulle erken Elisa as Elia se opvolger.

Naby Jerigo vra 50 profeteseuns hom toestemming om na Elia te gaan soek. Hulle wil net seker maak of hy nie dalk net tydelik weggeneem is nie. Elisa gee hulle toestemming, maar hulle keer onverrigtersake terug. In Jerigo kom die mense na Elisa en kla dat die water brak en die grond onvrugbaar is. Hy vra hulle om vir hom sout in 'n nuwe skottel te bring. Daarna gooi Elisa die sout in die fontein en dadelik word die water soet. Die plantegroei verbeter ook.

Op pad na Bet-el hardloop 'n groep seuntjies agter Elisa aan en roep al spottende: "Gaan op, kaalkop!" Elisa draai om en vervloek hulle in die naam van die Here. Meteens kom daar twee bere uit die bos en verskeur die 42 seuns. Dit lyk wreed, maar, wat die kinders hier gedoen het, was 'n goddelose streek, wat hulle van hulle ouers geleer het. Wie 'n gesant van die Here bespot, bespot ook die Een wat hom gestuur het. In die dood van die kinders word ook die ouers gestraf. Die Here straf tot in geslagte as die sonde ook in die geslagte voortleef.³³

33 Eks. 34: 7

wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag.

Elisa en Joram

Joram wat Ahasia as koning in Israel opgevolg het, roei al die gedenkstene wat vir Baäl opgerig was, in Israel uit. Tog hou hy die kalwerdiens waarmee Jerobeam begin, het in stand. Toe Joram teen Moab oorlog wil voer, vra hy die hulp van Josafat, die koning van Juda. Moab hou ook vir Juda 'n gevaar in en daarom stem Josafat in om Joram te help. Dit doen hy nieteenstaande die feit dat die profete vroeër sy bondgenootskappe met Agab en Ahasia afgekeur het.³⁴

Die twee konings besluit om op te trek met die pad deur die woestyn van Edom. Hul plan is om Moab van die suide af aan te val. Die koning van Edom trek saam met hulle op. Op hulle veldtog kom hulle in 'n streek waar geen water is nie, en hulle gaan toe na Elisa wat juis in die omgewing is. Toe die drie konings voor hom staan, raak Elisa kwaad vir Joram. Hy sê aan hom dat hy eintlik nie eens vir hom wil kyk nie. Dit is net ter wille van Josafat dat hy bereid is om hulle te help. Hierdie optrede van Elisa is 'n heilige verontwaardiging oor die goddeloosheid van Joram. Elisa sê dat hy ter wille van Josafat die Here se wil sal vra. Op bevel van Elisa grawe hulle toe gate in die vlakke en die volgende môre is dit vol water. Dieselfde dag verslaan hulle die leër van Moab, maar voor die poorte van hul hoofstad draai hulle om.

Elisa se wonders

Elisa het baie wonderwerke gedoen. Die aard van die wonderwerke hang saam met sy profetiese roeping. 'n Gees van liefde straal daaruit. Ons kan sy wonderwerke onderskei in wonderwerke van genade en wonderwerke van oordeel. Elisa se naam beteken "God is hulp". Hy is die profeet wat help wanneer mense in moeilikheid verkeer. Sy optrede wys heen na Jesus Christus wat die ellendiges en siekes gehelp en genees het.³⁵

34 2 Kron. 19: 1 en 2 Maar toe Josafat, die koning van Juda, behoue na sy huis in Jerusalem terugkom, het die siener Jehu, die seun van Hanáni, uitgegaan hom tegemoet, en aan koning Josafat gesê: Moet 'n mens die goddelose help, en het u lief die wat die HERE haat? Daarom kom daar nou 'n toorn op u van die HERE.

35 Matt. 8: 17 sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra.

Die olie vermeerder

'n Weduwee, wie se man 'n profeet was, vertel eenkeer vir Elisa dat sy baie skuld het en dit nie kan betaal nie. Haar skuldeisers dreig nou om haar kinders as slawe te verkoop. Al wat sy oor het is een fles olie in haar huis. Elisa beveel haar om leë kanne by haar bure te gaan haal en sy doen dit. Haar geloof word nie beskaam nie. Sy gooi olie uit die klein flessie en God doen die wonder: Die olie vloei aanhoudend totdat die een seun sê dat daar nie kanne oor is om die olie in te gooi nie. Toe hou die olie op om te vloei.

Olie was 'n taamlik duur artikel in daardie tyd. Elisa sê dat sy die olie moet gaan verkoop om haar skulde te betaal. Van die geld wat oorbly kan sy dan leef. In hierdie wonder blyk die barmhartigheid van God jeens die armes.³⁶

Die kind van die Sunamitiese vrou

Op sy reise het Elisa altyd in die dorpie Sunem tuisgegaan by 'n welgestelde vrou. Sy laat selfs vir hom 'n kamertjie aanbou. Uit dankbaarheid vra Elisa vir haar of hy nie iets vir haar kan doen nie. Omdat sy geen seun gehad het nie, voorspel Elisa dat sy 'n seun sal kry.

Hierdie belofte lyk baie na die belofte aan Sara.³⁷ Sara het toe by haarself gelag. Ook die Sunamitiese vrou neem 'n afwysende houding aan en sy sê: "Ag nee, my heer, man van God, moenie vir u dienaars lieg nie." Sy bedoel: U moet nie 'n verwagting in my opwek wat ek nie meer durf koester nie.

Die voorsegging van Elisa het waar geword en op die tyd wat Elisa genoem het, is die seuntjie gebore. Toe die kindjie groter word, word hy eendag baie ernstig siek. Die kind sterf, en sy lê hom op Elisa se bed neer en gaan weg om Elisa daarvan te vertel. Sy kry hom op die berg Karmel en vertel hom dat haar seun dood is. Elisa stuur sy kneg Gehasi na die vrou se huis met sy staf en beveel hom om die staf op die kind neer te sit. Die vrou wil hom egter nie met rus laat nie en smeeke hom om self saam met haar te gaan. Op pad kom hulle Gehasi teë wat vertel dat hy die staf op die kind gesit het, maar dat dit nie gehelp het nie.

36 Rom. 9: 15 Want aan Moses sê Hy: Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm.

37 Gen. 18: 10 En Hy sê: Ek sal oor 'n jaar sekerlik weer na jou toe kom - dan sal jou vrou Sara 'n seun hê. En Sara het geluister by die ingang van die tent wat agter Hom was.

Toe hy in Sunem aankom, gaan Elisa self na die kamer en bid tot die Here. Daarna gaan lê hy bo-op die kind om hom warm te maak. Naderhand word die kind weer lewendig en Elisa gee hom aan sy moeder terug.

Die giftige kos

Op 'n keer is Elisa in Gilgal. Hy gee aan sy dienaar die opdrag om die pot op die vuur te sit, sodat die kos kan gaar word. Een van die profeteseuns het wilde karkoere in die pot gegooi. Nouliks het hulle van die kos geproe, of hulle roep verskrik uit: "Man van God, die dood is in die pot!" Hulle sê daarmee dat hulle giftige kos geëet het. Elisa versoek hulle om vir hom meel te bring en hy gooi dit in die pot. Die gif is daardeur uit die pot verwyder. Daarna beveel hy hulle om dit op te skep en te eet.

Dit beteken nie dat die meel 'n middel was om giftige kos reg te maak nie. Dit is slegs 'n teken of instrument van die krag van God waardeur Elisa die wonder doen. By 'n ander geleentheid het 'n man vir Elisa en die profeteseuns 20 garsbrode en vars koring in sy mandjie gebring. Dit was hopeloos te min vir 100 mense, maar op wonderbaarlike wyse het almal geëet en daar het selfs van die kos oorgebly. Ook hierdie gebeure wys heen na Jesus wat aan die skare voedsel sou gee.³⁸

Naäman van melaatsheid gereinig

Naäman was 'n Siriese generaal wat melaats geword het. In sy vrou se diens is 'n Israelitiese meisie, 'n slavin, wat weggevoer is uit Israel. Sy vertel aan Naäman dat daar 'n profeet in Samaria is wat hom van sy melaatsheid kan genees. Naäman is desperaat en vra verlof van sy koning om na Samaria te gaan. Hy vertrek met 'n brief en geskenke aan koning Joram. Hieroor was Joram baie ontsteld en skeur sy klere, want die koning van Sirië het hom in die brief, versoek om asseblief Naäman gesond te maak. Hy vermoed dat die koning van Sirië net 'n rede soek om oorlog teen hom te verklaar.

Elisa stuur 'n boodskap na die koning om hom gerus te stel en te versoek dat hy Naäman na hom toe moet stuur. Toe Naäman buite stilhou, stuur Elisa sy dienskneg Gehasi om vir Naäman te sê dat hy hom sewe maal in die Jordaan moet gaan was, dan sal hy gesond wees. Die generaal is woedend

38 Joh. 6: 11 En Jesus het die brode geneem, en nadat Hy gedank het, deel Hy dit uit aan die dissipels en die dissipels aan die wat daar sit; so ook van die vissies, soveel as hulle wou hê.

en wil sommer omdraai huis toe. Vir hom maak dit nie sin nie, want in sy eie land is daar groter en breër riviere waar hy hom ook kan gaan was. Hoekom moet hy nou juis in die Jordaan gaan was?

Sy diensknegte oorreed hom egter om dit wel te gaan doen. Toe hy die sewende keer uit die water opkom, is hy heeltemal gesond. Hy vertrek haastig na Elisa om hom te bedank en aan hom 'n beloning te gee. Elisa wil egter nie sy geskenke aanvaar nie. Naäman besef nou dat daar net een God is en daarom wil hy nie meer afgode aanbid nie. Hy het egter 'n probleem. As amptenaar van die koning moet hy die koning soms na die tempel van Rimmon vergesel. Omdat hy dit net doen in die uitvoering van sy plig, het Elisa hierteen geen beswaar nie.

Gehasi het gehoor dat Elisa nie die geskenke van Naäman geneem het nie. Aangesien hy gierig is, loop hy gou agter Naäman aan en vertel aan hom 'n self-opgemaakte verhaal. Hy vertel dat daar twee profeteseuns by Elisa gekom het en dat Elisa nou graag 'n talent silwer en twee stelle klere vir hulle wil hê. Naäman glo dit en voldoen aan sy versoek. Gehasi steek die goed wat hy by Naäman gekry het, weg en daag ewe onskuldig by Elisa op. God het reeds alles wat gebeur het aan Elisa bekend gemaak. As straf vir sy optrede het die melaatsheid van Naäman op Gehasi gekom.

'n Byl dryf op die water

'n Groep profeteseuns wat besig was om hul woonkwartiere te bou, het by die Jordaanrivier gaan hout kap. 'n Byl val per ongeluk in die water. Die man wat daarvoor verantwoordelik was, is baie ontsteld, aangesien dit 'n geleende byl is. Elisa neem toe 'n stuk hout wat hy gesny het en gooi dit in die water. Dadelik kom die byl na die oppervlakte en dryf bo-op die water. Die profeteseun kan die byl toe uithaal en dit aan die eienaar teruggee.

Benhadad wil Israel aanval

Gedurende die tyd wat Joram koning van Israel is, het Benhadad van Sirië weer teen Israel oorlog gevoer. Hy kan Israel egter nerens uitoorlê nie, want Elisa weet telkens presies wat hulle beplan om te doen. Wanneer die koning van Aram en sy offisiere planne maak, maak God die planne aan sy profeet Elisa bekend en hy vertel dit dan weer aan sy koning. Op hierdie manier word die Aramese planne telkens veydel.

Die koning van Aram vrees dat daar 'n spioen in hul geledere is. Een van sy offisiere sê egter aan hom dat dit nie die geval is nie. Elisa, die profeet in Israel, kan selfs alles wat die koning van Aram in sy slaapkamer sê, aan koning Joram vertel. Daarom besluit die koning van Aram om Elisa gevange te neem.

Benhadad se leër met blindheid geslaan

Eindelik hoor Benhadad dat Elisa in Dotan is. Hy stuur in die nag 'n leërafdeling om die stad te omsingel. Elisa weet dat sy God magtiger is as al sy vyande tesame. Die kneg van die profeet word baie bang toe hy die soldate sien, maar Elisa bid tot die Here om sy oë te Op. Toe sien hy tussen hulle en die Siriërs 'n groot leër van engele met vurige waens, die teken van God se beskerming oor sy volk.³⁹

Eindelik val die Siriërs aan, maar op die gebed van Elisa maak die Here hulle blind. Elisa loop na hulle toe en sê vir hulle dat hy hulle sal lei na die man wat hulle soek. Hulle volg hom en hy lei hulle tot binne-in Samaria, waar hy bid dat hulle weer mag sien. Joram wil hulle doodmaak, maar Elisa keer hom en sê hy moet vir hulle 'n maaltyd klaarmaak en daarna na Sirië terugstuur. Die Siriërs het nou erken dat hulle nie teen die Here kan stry nie en het Israel 'n tyd lank nie meer aangeval nie.

Samaria word beleër

Hierdie gebeure het egter nie 'n groot indruk op Benhadad gemaak nie. Gou was sy troepe weer slaggereed en op pad om Samaria te beleër. 'n Geweldige hongersnood het ontstaan, sodat die inwoners alles geëet het wat voorkom - duiwemis, eselkoppe en selfs hulle kinders. Hieroor was die koning só geskok en verontwaardig, dat hy besluit het om Elisa om die lewe te bring, omdat hy Elisa die skuld vir al hul ellende gegee het.

Elisa en die oudstes van die stad is besig om die toestand te bespreek, toe hy aan hulle die opdrag gee om nie die deur toe te maak as die koning se boodskapper kom nie. Kort op die boodskapper se hakke het die koning gekom. Hom het hulle ingelaat. Elisa verseker hom toe dat almal die volgende dag genoeg sal hê om te eet. Die koning se adjudant lag hom egter uit. Daarop deel Elisa hom mee dat hy al die oorvloed met sy oë sal sien, maar nie daarvan sal eet nie.

39 Op. 20: 9 En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind.

Buite die stadspoort was vier melaatse manne. Deur die honger tot wanhoop gedryf, het hulle in die donker na die Siriese kamp gegaan, maar dit verlate gevind. Die wonder het gebeur. Vroeër het die vyand 'n gedruis gehoor soos van 'n reuse-mag wat in aantog was en toe het hulle halsoorkop op die vlug geslaan. Al hul kos en besittings het hulle net so agtergelaat. Nadat die melaatses genoeg geëet het, het hulle die goeie nuus aan die poortwagters gaan vertel. Die koning vermoed egter dat dit 'n lokval is en stuur eers twee strydwaens om ondersoek in te stel. Hulle ry tot by die Jordaan, maar sien net die tekens soos wat die leër gevlug het.

Die meel en gars wat hulle gebuit het, is spotgoedkoop aan almal verkoop. Die koning se adjudant wat saam met hom na Elisa gegaan het, is aangestel by die poort om toe te sien dat alles ordelik verloop. Die toeloop was só groot, dat die adjudant vertrap is. So het die voorspelling van Elisa in vervulling gegaan.

Elisa salf Hasael

Hierna het Benhadad, die koning van Aram, ernstig siek geword. Hy stuur sy kneg Hasael om vir Elisa te vra of hy gesond sal word. Elisa antwoord dat Benhadad nie gesond sal word nie. Daarna profeteer hy met weersin dat Hasael koning sal word. Die volgende dag het Hasael die koning vermoor deur hom met 'n nat kombes te versmoor. Gedurende sy regering het Hasael die Israëliete verskriklik vervolg en mishandel.

Jehu roei die geslag van Agab uit

Nadat hy koning geword het, het Hasael dadelik met 'n oorlog teen Israel begin. Sy eerste doelwit was om Ramot te verower, nadat dit vir omtrent nege jaar in besit van die Israëliete was. Israel en Juda het 'n verbond gesluit en saam opgetrek om teen hom te veg. Joram, die koning van Israel, is egter al vroeg in die geveg gewond en daarom trek hy terug na Jisreël om daar te herstel. Hy stel Jehu aan om in sy plek as bevelvoerder op te tree. Ahasia, die koning van Juda, het kort daarna ook vertrek om te gaan verneem hoe dit met Joram gaan.

In beide konings se afwesigheid het 'n profeet in opdrag van Elisa Jehu as koning gesalf. Jehu kry die opdrag om die hele huis van Agab uit te roei. Hy het al die ondersteuning van die Israëliete en trek dadelik na Jisreël waar hy Joram, die koning van Israel, om die lewe bring. Hulle laat lê sy lyk op die grond wat aan Nabot behoort het. Daarna het Jehu Ahasia, die koning van Juda, agtervolg en hom gewond, sodat hy in Megiddo gesterf het.

Isebel spot nog met Jehu uit die venster van haar paleis, maar haar eie bediendes gooi haar op bevel van Jehu by die venster uit. Op die straat word sy deur perdepote vertrap. Die honde vreet haar lyk soos Elia geprofeteer het.⁴⁰ Daarna stuur Jehu 'n boodskapper na Samaria om een van Agab se seuns as koning aan te stel. Die inwoners is egter te bang en vermoor al Agab se seuns en kleinseuns.

Jehu roei die Baälpriesters uit

Toe Jehu self in Samaria kom, reël hy 'n groot fees vir Baäl waarheen al die Baälspofete uitgenooi word. Toe die fees aan die gang is, maak hy hulle almal dood. Daarna verbrand hy die tempel van Baäl. So is die oordeel van die Here oor die huis van Agab voltrek. Al sy kinders is uitgeroei soos Elia geprofeteer het.⁴¹ Nadat Jehu die huis van Agab en al die Baälpriesters om die lewe gebring het, gaan die volk voort om goue kalwers te aanbid.

Net soos sy voorganger het Jehu ook baie moeite van die Siriërs ondervind. Onder koning Hasael verower hulle omtrent die hele gebied oos van die Jordaan. Uir radeloosheid gaan klop Jehu by Assirië aan om hulp, maar selfs dié bondgenootskap is nie opgewasse teen die Siriese leër nie. Ná 'n regeringstydperk van 28 jaar het sy seun Joahas in sy plek koning oor Israel geword.

Regering van Joahas in Israel en Joas, koning van Juda

Die Israeliete word onder koning Joahas nog swaarder as onder sy vader deur die Siriërs en Assiriërs onderdruk. Dit gaan so sleg dat Joahas se leër later net uit 10 000 man, 50 ruiters en tien strydwaens bestaan. Joahas vra God wel om hom te help en toe daar uitkoms kom, gaan dit vir 'n rukkie goed. Joahas sien egter nie kans om afstand van sy afgode te doen nie en gou is hy weer in die moeilikheid. Sy seun Joas het hom opgevolg. Ons moet hierdie Joas onderskei van Joas, die koning van Juda. Joas die koning van Israel, het soos sy pa voortgegaan met die kalwerdiens. Hy het 'n gedeelte van die gebied teruggewen wat Israel vroeër verloor het. Eers in sý tyd hoor ons weer van EIJes.

40 1 Kon. 21: 23 En ook oor Isebel het die HERE gespreek en gesê: Die honde sal Isebel eet by die voorskans van Jisreël.

41 1 Kon. 21: 21 Kyk, Ek gaan onheil bring oor jou en jou skoon wegvee; en Ek sal van Agab uitroei al wat manlik is in Israel, sonder uitsondering.

Elisa se einde

Teen hierdie tyd is Elisa al oud en afgeleef en kan hy nie meer so aktief in die diens van God staan nie. Hoewel Joas afgode gedien het, is hy tog baie geheg aan die ou profeet en toe hy van Elisa se siekte hoor, gaan besoek hy hom dadelik. Elisa beveel hom om deur die venster 'n pyl af te skiet, terwyl Elisa sy eie hand op die hand van die koning hou. Elise sê vir Joas dat dit 'n pyl van oorwinning oor die Siriërs is.

Daarna vra hy vir Joas om die pyle in sy hand te neem en daarmee op die grond te slaan. Hy doen dit driemaal, en Elisa sê vir hom dat hy dit meermale moes gedoen het, want nou sal hy die Assiriërs net drie keer verslaan en nie heeltemal oorwin nie. Daarna sterf Elisa en hulle begrawe hom in 'n spelonk. Toe hulle later iemand anders in dieselfde graf begrawe, raak sy lyk aan Elisa se bene. Dadelik het die man weer lewend geword.

Elisa het meer as Elia die liefde en genade van die Here verkondig. Waar Elia die oordele van God aangekondig het, het Elisa deur wondertekens meer God se genade, selfs vir ontroue konings en heidene, verkondig.

Aanbevole leesstukke

BOOYENS, M.J. 2007. Laat my lammers wei. Gereformeerde Kerk Pretoria: Orkney. 86 - 89 p.

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. p. 523 - 554 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 342 - 380 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. p. 403 - 439 p.